Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

OKTOBER 2025

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400
Collab Citizen App	

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

SÓ WORD DROME VAN LOWERGROEN, ROMMELVRYE WOONBUURTE BEWAARHEID

*Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Archie Klaas, Overbergdistriksmunisipaliteit se speaker Lindile Ntsabo en minister De Lille kan met reg trots wees op die hope rommel wat hulle help opruim het. Ongelukkig vir hulle, was dit nog lank nie die einde van 'n dag se harde werk nie. Hul besems en skoppies is onverwyld vir grawe verruil sodat hulle persoonlik met groot sorg tien inheemse boompies (*Dombeya rotundifolia*) by die Zwelihle-sportterrein ter viering van Boomplantdag kon gaan plant.*

Klaarblyklik was September nogal 'n "arbeidsintensiewe" maand vir die Overstrand want 'n ieder en 'n elk, waaronder 'n aansienlike klompie hooggeplaastes, moes hul netjiese uitrustings vir oorpakke en rubberhandskoene verruil sodat 'n paar "morsige" takies getakel kon word.

Soos die toeval dit wou hê, het Boomplantweek saamgeval met die beeldsending van die minister van toerisme, Patricia de Lille, se besoek aan Hermanus op die 6de September – nie om Toerismemaand te vier nie maar om die uitbreiding van adjunkpresident Paul Mashatile se "Skoon Stede en Dorpe"-veldtog na hierdie deel van die wêreld te dek.

Hierdie veldtog het ten doel om skoner, groener stedelike en landelike omgewings te bevorder deur aktiewe gemeenskapsdeelname aan skoonmaakaktiwiteite in alle stede, dorpe en nedersettings aan te moedig met die doel om nie net 'n sin van gemeenskaplikheid en trots te kweek nie maar ook om sosio-ekonomiese geleenthede in die hand te werk.

Soos minister De Lille tereg daarop gewys het: "Dit is 'n gegewe dat niemand 'n plek wil besoek of daarin sal investeer as dit met rommel bestrooi is of as onwettige storting 'n ernstige gesondheidsrisiko inhou nie.

"Een van die redes waarom Overstrand so 'n gewilde toeristebestemming is, is juis omdat dit skoon is – 'n onderskeiding wat toegeskryf kan word aan die voortreflike afvalbestuurspraktyke wat julle al vir soveel jare getrou navolg.

"Baie dankie dat julle so 'n goeie voorbeeld stel en dat julle bereid is om die lesse wat julle geleer het, ruimhartig te deel," het sy bygevoeg.

Op sy beurt het Uitvoerende Burgemeester Archie Klaas die adjunkpresident se nasionale veldtog verwelkom want dit gaan beslis stukrag verleen aan 'n plaaslike inisiatief wat daarop neerkom dat hy elke Woensdag moue oprol om saam met plaaslike gemeenskappe woonbuurte op te ruim.

Met betrekking tot die vergroening van Overstrand se woonbuurte het Burgemeester Klaas gesê: "Dit is ons voorneme om teen einde vanjaar 'n verdere eenduisend boompies oral in die Overstrand te plant, maar die onus rus op ons gemeenskappe om eienaarskap van elke boompie te aanvaar en met sorg na hulle om te sien.

"Vergroening is 'n vennootskap, en dit is hoekom ek dit so verblydend vind dat Whale Coast Conservation, die Paddavlei Eco-Group en die sowat 120 leerders verbonde aan Hawston Primêr ingetree het om agt-en-twintig melkhoutboompies in die Paddavlei-area te plant.

"Soos ons senior veldwagter Marco Cornelius tereg opgemerk het, was hierdie nie net 'n verskoning om met modder te speel nie – leerders het hulle in die buitelewe verlustig, nuwe vaardighede aangeleer en tegelyk van ons omgewing 'n beter plek gemaak."

PASPOORT NOODWENDIG 'N VOORVEREISTE?

Sommige van ons het nou maar eenmaal 'n neiging om oor naweke wye draaie te gooi om daai plekke wat hope toeriste lok, maar dit is nie te sê dat ons nie ook pret kan hê nie.

Ongelukkig is dit waar dat baie plaaslike inwoners 'n hele klomp fantastiese geleenthede misloop omdat hulle vergeet het om op **https://www.overstrand.gov.za/top-things-to-do-this-weekend/** te gaan loer wat om die draai aangebied word.

As jy 'n naweek met hope pret wil beplan, volg hierdie skakel of gaan kyk na die meer omvattende "Events Diary" wat op Cape Whale Coast se webtuiste (**www.whalecoast.info**) beskikbaar is. Jy sal verstom wees oor al die plaaslike markies, lewendige optredes, natuuruitstappies en interessante praaitjies wat aangebied word in 'n paar verborge uithoekies van die Overstrand waar jy onbevange kan ontspan.

Overstrand bied soveel waarin jy jou kan verlustig. Maak die beste daarvan.

Weet jy in watter wyk jy woon?

Overstrand se munisipale gebied is afgebaken in 14 wyke. Om te weet in watter een jy woon, is nogal belangrik – nie net vir die doeleindes om aan plaaslike en nasionale verkiesings deel te neem nie maar ook sodat jy kan weet na wie jy jou moet wend om 'n aangeleentheid onder die Raad se aandag te bring.

Deesdae, danksy 'n interaktiewe kaart op ons opgeknapte amptelike webtuiste, kan jy jou wyk in 'n japtrap vind: Om die kaart te bekyk, gaan bloot na **www.overstrand.gov.za > About Us > Know your Council.**

Hierdie kaart maak dit nie net maklik om wyke se grense te sien nie maar is ook jou toegangspoort tot belangrike inligting wat op jou wyk betrekking het.

Deur af te rol, sal jy die naam en kontakbesonderhede van jou wyksraadslid vind sowel as die name van diegene wat op die wykskomitee dien en wie hulle verteenwoordig.

Van groter belang is dat dit hier is waar jy met een oogopslag kan sien watter projekte in jou wyk geprioritiseer is, tesame met die details van kapitaalprojekte waarvoor daar begroot is en 'n aanduiding van die ruimtelike ontwikkelings wat vir jou wyk in die vooruitsig gestel word.

Onthou, plaaslike regering kan slegs doeltreffend wees as beide kante hulle deel doen: Al wil ons as munisipaliteit ons bes doen om aan jou behoeftes gehoor te gee, tas ons in die duister as ons nie weet wat daardie behoeftes is nie.

Gaan kyk sommer vandag nog na daardie kaart en maak seker dat jy wykskomiteevergaderings bywoon sodat jou stem gehoor kan word.

DWINGENDE BEHUISINGSNOOD SÓ AANGESPREEK

WAT TOT *HEDE VERMAG IS*

Opgradering van Informele Nedersettings

Munisipaliteit Overstrand verkies om sover as moontlik bestaande nedersettings in situ op te gradeer eerder as om inwoners te hervestig. Op hierdie manier bly gemeenskapsnetwerke en bestaansmiddele behoue onderwyl 'n gefaseerde proses gevolg word met die oog daarop om behuising van 'n meer formele aard en permanente dienste te vestig.

Algemeen bekend as UISP (*Upgrading of Informal Settlements Programme*) het hierdie menslikenedersettingsprogram ten doel om lewensomstandighede in informele nedersettings te verbeter deur basiese dienste (water, sanitasie, elektrisiteit) te verskaf en, op die langduur, sekerheid ten opsigte van eiendomsreg te bied. In die Overstrand is UISP-projekte in die volgende informele nedersettings reeds voltooi of word sulke projekte tans onderneem:

MASAKHANE, GANSBAAI

- Teen einde-Oktober vanjaar sal siviele dienste geïnstalleer en paaie aangelê wees om 1 184 persele te bedien.
- Tot op hede is ablusie- en wasgeriewe reeds vir 973 voltooide gedienste persele geïnstalleer.

ZWELIHLE, HERMANUS

- In Maart 2024 het die departement van infrastruktuur goedkeuring verleen dat voorafbeplanning vir 4 000 UISP-persele in Dubai (voorheen bekend as Schulphoek) voort kan gaan.
- ASLA Construction is as die implementeringsagent aangestel en die projek se beheerkomitee is tans besig met 'n omvattende openbaredeelnameproses met die oog daarop om 'n konsepplan te finaliseer.
- Sodra daardie plan gefinaliseer is, sal die vereiste omgewingsimpakbeoordelings aan die departement van omgewingsake en ontwikkelingsbeplanning (DOSOP) vir oorweging voorgelê word.
- Sodra DOSOP bevestig het dat alles in orde is, sal die proses om formele goedkeuring ingevolge die Wet op Grondgebruikbeplanning 'n aanvang neem.

OVERHILLS, KLEINMOND

- In Julie 2025 het die departement van infrastruktuur goedkeuring verleen vir die befondsing wat nodig gaan wees om die voorgenome opgradering van hierdie informele nedersetting moontlik te maak.
- Aangesien hierdie UISP-projek dalk die verskuiwing van die oorlaaistasie in Kleinmond gaan noodsaak, gaan die proses om dorpsbeplanningsgoedkeuring en toestemming van DOSOP te verkry na verwagting taamlik uitgerek wees.
- Tans word omgewingsimpakbeoordelings onderneem.

Geïntegreerde Residensiële Ontwikkelings

Met die voorneme om kompakte, funksionele en inklusiewe gemeenskappe eerder as geïsoleerde "eilande" van gesubsidieerde behuising te skep, het hierdie program – algemeen bekend as IRDP (*Integrated Residential Developments Programme*) – ten doel om geïntegreerde, lewensvatbare en goedbeplande residensiële ontwikkelings te skep wat 'n mengsel van behuisingsopsies vir 'n verskeidenheid inkomstegroepe bied.

Hierdie behuisingsopsies is tipies 'n vermenging van bo-strukture (sogenaamde "Breaking New Ground"- [BNG-] huise) en gedienste invulpersele vir begunstigdes wat vir finansiering van hul eerste huis kwalifiseer.

Met druktyd het details rakende IRDP-projekte in die Overstrand wat óf voltooi is óf tans onderneem word, die volgende weerspieël:

BLOMPARK, GANSBAAI

- Van die 539 beplande BNG-bo-strukture is 400 reeds oorhandig en die restant (d.w.s. 139 eenhede) is tans in aanbou. Die voorgenome voltooiingsdatum vir laasgenoemde is Maart 2026.

STANFORD

- In totaal is 621 erwe vir hierdie ontwikkeling geoormerk. Met die uitsluiting van die 48 erwe wat opsygesit is vir begunstigdes wat vir finansiering van hul eerste huise kwalifiseer, is BNG-bo-strukture op die restant (d.w.s. 573 persele) opgerig en oorhandig.

MOUNT PLEASANT, HERMANUS

- Uit die 300 geoormerkte invulpersele is 283 reeds van siviele infrastruktuur voorsien, en die oorblywende 17 persele sal na raming teen die einde van die 2025/2026-boekjaar ten volle gediens wees.

ERWE 6936 EN 6862, KLEINMOND

- Sedert goedkeuring ingevolge die Wet op Grondgebruikbeplanning vir die ontwikkeling van 37 gedienste persele op die betrokke erwe verleen is, is 'n aansoek om befondsing by die departement van infrastruktuur ingedien. Sodra daardie aansoek goedgekeur is, sal die installering van siviele dienste 'n aanvang neem.

VOORKEURAREAS VIR MENSLIKENEDERSETTINGONTWIKKELINGS

Met die oog daarop om volhoubare, ekonomies lewenskragtige en onderlingverbinde gemeenskappe te skep aan die hand van omvattende ontwikkelingsplanne wat openbare en private investering in behuising, infrastruktuur en maatskaplike dienste ten grondslag lê, kan sekere regeringsaangewese areas (algemeen bekend as *Priority Human Settlement Development Areas* [PHSDA's]) vir geteikende hulpbrontoewysing en befondsing kwalifiseer. In die Overstrand omvat só 'n area verskeie stukke grond wat van Fisherhaven tot Hermanus strek.



GROTER HERMANUS (WES)-PHSDA

- Sedert goedkeuring verleen is om die betrokke stukke grond by 'n PHSDA in te sluit, is 'n befondsingsaansoek vir die ontwikkeling van 'n konsepsuele plan wat die hele gebied omvat in Maart 2024 deur die Wes-Kaapse regering goedgekeur.
- Kort daarna is konsultante en 'n toegewyde span kundiges aangewys om hierdie plan te verfyn, welke plan as deel van die GOP-proses vir kommentaar openbaar gemaak is. As 'n integrale deel van hierdie proses is verskeie wykvergaderings met diegene wat in Hawston en Fisherhaven woonagtig is, gehou om te verseker dat hulle deurentyd op hoogte van sake bly.
- Voortaan gaan die potensiële projekte wat in die vermelde konsepsuele ontwikkelingsplan geïdentifiseer is as basis dien vir aansoeke om beplanningsbefondsing wat aan die departement van infrastruktuur voorgelê word.

Met betrekking tot nuwe behuisingsprojekte, neem kennis dat Munisipaliteit Overstrand bloot as 'n implementeringsagent namens die Wes-Kaapse departement van menslike nedersettings optree. ***Om vir behuising in die Overstrand aansoek te doen, moet aansoekers op die Wes-Kaapse behuisingsvraagdatabasis registreer.*** *Van uiterste belang is dat aansoekers wat reeds op die databasis geregistreer is, nie moet nalaat om hul kontakbesonderhede op datum te hou nie.* ***Wanneer daardie besonderhede ook al verander, sorg asseblief dat jy onverwyld die Behuisingskantoor by jou naaste munisipale kantoor persoonlik besoek om seker te maak dat jou besonderhede korrek bygewerk word.***